 - (g) honger of ondervoed is of nie toegang het tot water of skuiling;
 - (h) onmenslik opgesluit is; of
 - (i) aangehou word teenstrydig met enige bepalings van hierdie Verordening;
 - (j) 'n gevaarlike hond en in 'n publieke straat of 'n publieke plek is en nie geneusband is nie.
- 4.7.2 Enige persoon mag op die perseël waarvan hy of sy die eienaar of bewoner is, 'n hond wat onregmatig die perseel betree, in besit neem, met die doel om dit te skut.
- 4.7.3 Nieteenstaande die bepalings van sub-artikels 4.7.1 en 4.7.2, mag geen persoon enige hond in bewaring neem met die doel om dit te skut, as daar redelike grond is om te glo dat die hond 'n teef is met ongesoogde kleintjies, behalwe as so 'n hond en die ongesoogde kleintjies saam in bewaring geneem word.
- 4.7.4 Enige persoon wat 'n hond in bewaring neem in terme van hierdie artikel: -
- (a) moet seker maak dat die hond nie mishandel word nie; en
 - (b) mag, wanneer die skut gesluit is, die hond in sy of haar bewaring neem, totdat die skut weer oopmaak.
- 4.7.5 Geen persoon mag 'n hond vrylaat, wat in bewaring geneem is deur 'n gemagtigde beampte, of wat in bewaring is in terme van hierdie artikel of wat geskut is nie.
- 4.7.6 Die Diere Beskermings Vereniging sal 'n rekord hou van alle honde wat op beslag gelê is of wat geskut is in terme van hierdie Verordening, wat die ras, merke en kenmerkende eienaardighede (indien enige) van sulke honde, asook die laaste datum waarop hul vrygelaat was of nie, insluit en sulke rekords sal beskikbaar gestel word vir inspeksie deur die publiek by die Kantore van die Diere Beskermings Vereniging, gedurende kantoorure.
- 4.7.7 Enige persoon mag 'n geskutte hond eis, as hy of sy:-
- (a) die skutmeester tevrede stel, dat hy of sy die eienaar is of andersins geregtig is om sodanige hond aan te hou;
 - (b) die skutmeester tevrede stel, dat die vrylating van die hond in sy of haar beheer, sal nie lei tot die oortreding van hierdie Verordening nie;

- (c) aan die skutmeester die voorgeskrewe fooi en die bedrag van veearts uitgawes, indien enige, van sodanige hond, betaal; en
 - (d) indien die hond gesteriliseer is, as dit ouer as vir (4) maande is, vir die kostes van die eienaar sal wees, soos gereël met die Diere Beskermings Vereniging.
- 4.7.8 'n Hond wat geskut is in terme van sub-artikel (4.7.1), behalwe 'n hond wat geskut is in terme van sub-artikel (4.7.1(b)), sal vrygelaat word aan die eienaar of 'n persoon wat die hond sal aanhou, indien die fooi, soos bepaal deur die Munisipaliteit betaal was en die hond gesteriliseer was.
- 4.7.9 'n Hond wat geskut is in terme van sub-artikel (4.7.1), behalwe 'n hond wat geskut is in terme van sub-artikel 4.7.1(b) mag verkoop of vernietig word, nadat dit vir nie minder as sewe dae aangehou was en nadat so 'n vernietiging deur 'n gekwalifiseerde veearts goedgekeur was, behalwe as dit opgeeis en vrygelaat was, in terme van sub-artikel (4.7.7) of sub-artikel (4.7.8).
- 4.7.10 Nieteenstaande die bepaling van sub-artikel (4.7.9), 'n hond wat op beslag gelê is of wat geskut is, in terme van:-
- (a) sub-artikel 4.7.1(b); of
 - (b) enige bepaling van hierdie verordening of die bepaling van enige ander wet en wat deur die gemagtigde beampte gevind is:-
 - i) wat besig is om aan 'n ongeneeslike infeksie te lei of 'n aansteeklike siekte het, of wat lei aan 'n vreeslike siekte of beseer te wees;
 - ii) wat wild, wreed of gevaarlik is,
- mag sodanig uitgesit word.
- 4.7.11 As 'n gemagtigde beampte van die opinie is, dat 'n hond 'n hond is, soos bepaal in artikel 4.7.6 kan hy of sy:-
- (a) toesien dat 'n kennisgewing op die eienaar van so 'n hond gedien word, wat vereis dat so 'n eienaar sodanige stappe moet neem wat sodanige steurnis/oortreding sal verminder en die gemagtigde beampte tevrede sal stel, dat die hond behoorlik na gekyk word;
 - (b) die hond skut en met dit handel in terme van hierdie artikel, op voorwaarde, dat so 'n hond nie aan sy eienaar vrygelaat sal word nie, behalwe as sodanige eienaar, binne die periode van sewe dae soos per artikel 4.7.9, aan die gemagtigde beampte bewys kan lewer, dat sodanige hond, as dit aan hom of haar gegee word, nie verder enige steurnis sal veroorsaak nie en onder beheer gehou sal word.
- 4.7.12 Die uitsit van enige hond sal deur middel van sodanige metode geskied, wat pynloos is vir die hond soos goedgekeur deur 'n geregistreeerde veearts en sal onder die beheer van 'n gemagtigde amptenaar plaasvind.

4.7.13 Die opbrengs van enige verkope, sal aangewend word om koste in verband met sodanige verkope en die skut van sodanige hond, te help dek.

4.7.14 Nie die Munisipaliteit of die gemagtigde beampte of enige werknemer van die Munisipaliteit sal aanspreeklik gehou word vir enige besering of 'n siekte, wat opgedoen is, of skade veroorsaak aan enige hond, as gevolg van of gedurende 'n beslaglegging, skut, aanhouding, verkope, hervestiging of uitsit in terme van hierdie Verordening nie.

4.8 Die redding van rondloperhonde

'n Persoon wat 'n rondloperhond red, sal die datum en tyd van die redding en 'n omskrywing van die hond aan die Munisipaliteit rapporteer en dit aan die munisipale skut, binne vier en twintig ure, oorhandig.

4.9 Omheining van eiendom

Geen persoon mag 'n hond aanhou, as sy of haar perseel nie behoorlik en redelik omhein is om so 'n hond binne te hou, wanneer die hond nie aan 'n leiband is nie, behalwe as die hond toegesluit is op die perseel, op voorwaarde dat dit nie onmenslik is, volgens die bevoegde beampte nie.

4.10 Afbakening van publieke plekke as vry-hardloop, aan leibande of buite-perke.

Die Munisipaliteit kan publieke areas, met toepaslike kennisgewingborde, as een of meer vry-hardloop, aan leibande of buite-perke, afbaken en die afbakening kan verskil volgens die tyd van die dag of seisoen.

4.11 Verwydering van afval

- (a) As enige hond ontlas in enige publieke plek of publieke straat, sal enige persoon, wat in beheer is van so 'n hond die ontlasting verwyder, dit in 'n plastiek of papiersak plaas en dit weggooi in 'n vullisdrom, wat vir afval of vullis geskik is;
- (b) Geen persoon mag met 'n hond, behalwe 'n gidshond, in 'n publieke plek of publieke straat loop, sonder om 'n genoegsame aantal plastiek of papiersakke te dra, waarin die ontlasting van die hond geplaas kan word, indien die hond sou ontlas.

4.12 Permit om sekuriteitshonde te gebruik

Die eienaars of gebruikers van sekuriteitshonde, mag vir 'n permit, wat aan artikels 4.7.2 tot 4.7.8 voldoen, aansoek doen.

4.13 'n Hond mag nie 'n bron van gevaar wees nie

- (a) Enige persoon wie 'n hond op enige perseël aanhou, sal die hond op so 'n manier aanhou, wat nie 'n gevaar vir die Munisipaliteit se werknemers, indien hul sulke persele moet betree, met die uitvoering van hul pligte, inhou nie.
- (b) 'n Kennisgewing dat 'n hond op die perseël aangehou word, moet in 'n geskikte plek, by elke toegangspunt tot die perseël, vertoon word.

4.14 Honde op persele waar kos verkoop word

- (a) Die eienaar of persoon in beheer van enige winkel, waar kos voorberei, verkoop of aangebied word om te verkoop, sal nie toelaat dat 'n hond so 'n winkel of plek betree nie.
- (b) Die bepalinge van hierdie artikel is nie van toepassing op die Suid-Afrikaanse Polisie Diens of 'n gidshond, wat gebruik word om 'n blinde persoon te vergesel nie.

4.15 Hondekennels, troeteldier-winkels en troeteldier-salonne

- (a) Geen kennels, troeteldier-winkel of troeteldier-salon mag sonder die toestemming van die Munisipaliteit bedryf word nie.
- (b) Aansoek om toestemming moet gedoen word, soos voorgeskryf deur die Munisipaliteit.
- (c) Die persoon wat 'n kennels, troeteldier-winkel of 'n troeteldier-salon bedryf, mag nie die besigheid op so 'n wyse bedryf, wat enige risiko, steuring of oorlas aan ander mense, veroorsaak nie.

4.16 Aanhitsing van diere

Geen persoon mag 'n dier aanhits:-

- (a) in 'n straat of publieke plek; of
- (b) in of van 'n beweegbare struktuur of voertuig;
- (c) by publieke markte

5. Katte

5.1 Sterilisasie van katte

- 5.1.1 Alle katte (manlik en vroulik) ouer as 6 maande moet gesteriliseer word;
- 5.1.2 'n Gemagtigde beampte kan toesien dat 'n kat gesteriliseer word, as hy of sy dit nodig ag,
 - (a) in die belang van die welsyn van die kat;
 - (b) om oorlas te voorkom;
 - (c) wanneer 'n kat rondloop;
 - (d) op versoek van die eienaar;
 - (e) volgens hierdie verordening

en die koste daarvan kan van die eienaar verhaal word.

5.1.3 Die eienaar van 'n gesteriliseerde kat moet bewyse kan lewer dat die kat gesteriliseer is deur 'n geregistreerde veearts en moet sodanige dokument, op versoek, vir inspeksie, aan enige gemagtigde amptenaar, kan voorsien.

5.1.4 Sub-artikel 5.1.1 is nie van toepassing op 'n kat, waar die eienaar 'n permit van die Munisipaliteit kry om 'n ongesteryliseerde kat aan te hou nie.

5.2 Permit om 'n ongesteryliseerde kat aan te hou

Enige persoon wat 'n ongesteryliseerde kat wil aanhou, met of sonder die doel om daarmee te teel, moet 'n permit van die Munisipaliteit verkry:-

- (a) 'n Aansoek om 'n ongesteryliseerde kat aan te hou moet op skrif wees, op 'n voorgeskrewe vorm en moet met die voorgeskrewe fooi, vergesel wees.
- (b) Die Munisipaliteit kan 'n eiendom inspeksie versoek en die aansoeker versoek om enige relevante inligting, wat nodig is om 'n ingeligte besluit te maak, te voorsien.
- (c) Die Munisipaliteit mag weier om 'n aansoek te oorweeg, indien die inspeksie beamptes die kat of die perseel onvanpas vir teel doeleindes, vind.
- (d) 'n Permit is nie van een kat na 'n ander kat, of van die perseel waarop dit uitgereik is, na 'n ander, oordraagbaar nie.
- (e) Permit aansoeke en fooie word jaarliks hernu.
- (f) Indien 'n ongesteryliseerde kat deur 'n geregistreerde veearts, gedurende die permit periode gesteriliseer word, moet bewyse van die sterilisasie, asook die oorspronlike permit aan die Munisipaliteit voorsien word.
- (g) Die aansoek moet van 'n bewys van Registrasie van die spesifieke ras vergesel wees.

5.3 Beperking op die getal katte

5.3.1 Die Munisipaliteit bepaal die getal katte wat op enige perseel aangehou mag word.

5.3.2 Geen persoon mag meer as:-

- (a) Twee katte, of toelaat dat meer as twee katte, ouer as ses maande, op enige perseel aangehou word nie;
- (b) Vier katte, of toelaat dat meer as vier katte, op 'n landbou eiendom of 'n kleinhoewe van 2.5 hektaar of groter, aangehou word nie.
- (c) Meer as twee katte aanhou, behalwe as die katte onder 5.2(g) val.

5.3.3 Sub-artikel 5.3.2 is nie van toepassing op enige persoon wie:-

- (a) die houer is van 'n permit, wat in terme van artikel 5.3.4 uitgereik is om 'n grote getal katte aan te hou;
- (b) die houer is van 'n permit, om 'n kattediens te bedryf;

- (c) die eienaar of bestuurder is, of in beheer is van 'n troeteldier-winkel en wie geskrewe bewys het, dat al die katte onder die beheer van sodanige eienaar of bestuurder, teen katgriep en katverwante bloedkanker siektes ingeent is;
- (d) die eienaar of 'n bestuurder van 'n veeartskliniek is;
- (e) bedryf 'n skut; of
- (f) is onder die beheer van die DBV of ander welsyn-organisasie.

5.3.4 'n Persoon van wie 'n kat voorheen uit sy of haar sorg verwyder was, of wie 'n vorige kriminele skuldigbevinding of siviele vonnis teen hom of haar het, vir wreedheid teenoor 'n dier, mag nie 'n kat aanhou, tensy die Munisipaliteit anders besluit.

5.4 Permitte om meer katte, as die voorgeskrewe getal aan te hou.

- 5.4.1 Enige persoon wat meer katte, as die voorgeskrewe getal, soos toegestaan in artikel 3, wil aanhou, moet by die Munisipaliteit aansoek doen vir 'n permit en sal nie onredelik verbied word nie.
- 5.4.2 'n Aansoek in terme van sub-artikel 5.4.1, moet in skrif wees, op 'n voorgeskrewe vorm en met die voorgeskrewe fooi, vergesel wees.
- 5.4.3 Die Munisipaliteit kan 'n eiendom inspeksie versoek en enige inligting, wat geag relevant is, wat dit kan gebruik, om 'n ingeligte besluit te kan maak.
- 5.4.4 Die Munisipaliteit kan 'n aansoek in terme van sub-artikel 5.4.3 weier, indien die voorwaardes van sub-artikel 5.4.1 nie aan voldoen is nie, of inligting soos versoek in sub-artikel 5.4.3, nie voorsien was nie.
- 5.4.5 Die Munisipaliteit mag slegs 'n aansoek in terme van sub-artikel 5.4.1 oorweeg, nadat bewys van 'n geskrewe verslag van 'n gemagtigde beampte ontvang is:-
 - (a) of die kat, waarvoor die permit uitgereik was, moontlik 'n publieke gesondheidsrisiko sal veroorsaak;
 - (b) toon die resultate van 'n inspeksie van die perseel, waarop sodanige kat aangehou word; en
 - (c) of daar voorheen 'n kat van die aansoeker se sorg verwyder was, of dat hy of sy 'n vorige kriminele skuldigbevinding of siviele vonnis teen hom of haar het, vir wreedheid teenoor diere.
- 5.4.6 Die Munisipaliteit kan 'n aansoek in terme van sub-artikel 5.4.1 weier of dit goedkeur, op voorwaarde dat dit goedgekeur word, op voorwaarde dat toestande aangepas word om die risiko van enige publieke gesondheidslas, wat moontlik deur die katte op die perseel veroorsaak kan word, verminder, of die risiko te verminder tot 'n vlak, wat aanvaarbaar vir die Munisipaliteit is.
- 5.4.7 In respek tot enige aansoek, wat in terme van sub-artikel 5.4.6 goedgekeur is, kan 'n gemagtigde beampte 'n permit op die die voorgeskrewe vorm uitreik, wat elke voorwaarde, soos bepaal deur die Munisipaliteit, spesifiseer.
- 5.4.8 'n Permit is nie oordraagbaar vanaf een kat na 'n ander kat af van die perseel waarop dit uitgereik is, na 'n ander perseel nie.

5.5 Katte in bewaring neem

- 5.5.1 'n Gemagtigde beampte of 'n gemagtigde persoon kan, vir die doel om 'n kat te skut, enige kat, wat teenstrydig met artikels 5.2 en 5.3 aangehou word, in bewaring neem.
- 5.5.2 Die Munisipaliteit kan die nodige stappe neem, om te verseker dat rondloper of wilde katte op 'n menslike manier geskut word.

6. Werkende diere

6.1 Permitte om werkende diere aan te hou

- 6.1.1(a) Enige eienaar wat 'n werkende dier wil gebruik, moet by die Munisipaliteit vir 'n permit aansoek doen.
- (b) Nie meer as een permit mag vir 'n werkende dier uitgereik word nie.
- 6.1.2 'n Aansoek in terme van sub-artikel 6.1.1, moet in skrif op 'n voorgeskrewe vorm wees en moet vergesel wees van:-
- (a) die voorgeskrewe fooi;
- (b) dokumentere bewyse, dat die werkende dier instaat is om 'n dier-aangedrewe voertuig te trek;
- (c) enige persoon wat 'n werkende dier teenstrydig met bogenoemde gebruik, kan beboet word.
- 6.1.3 Die Munisipaliteit kan die aansoeker versoek om enige verdere inligting voorsien, wat relevant tot die aansoek mag wees, sodat 'n ingeligte besluit geneem kan word.
- 6.1.4 Die Munisipaliteit kan weier om 'n aansoek, in terme van sub-artikel 6.1.2, te oorweeg of as die bepalings van sub-artikel 6.1.2 nie aan voldoen is nie, of as inligting soos versoek in sub-artikel 6.1.3, nie voorsien was nie.
- 6.1.5 Die Munisipaliteit mag slegs 'n aansoek in terme van sub-artikel 6.1.1 oorweeg, nadat 'n geskrewe verslag van die gemagtigde beampte ontvang is:-
- (a) of die werkende dier, waarvoor die permit vereis word, moontlik 'n oorlas in n publieke plek sal wees, of die gebruik daarvan teenstrydig met artikel 6.1.3, sal wees;
- (b) agtergrond gee oor die uitslae van 'n inspeksie van die werkende dier en sy werksomstandighede; en
- (c) of die werkende dier voorheen van die aansoeker se sorg verwyder was en of hy of sy vorige kriminele skuldigbevinding of siviele vonnis teen hom of haar het, terwyl die dier in sy of haar sorg was.
- 6.1.6 Die Munisipaliteit kan 'n aansoek in terme van sub-artikel 6.1.1 weier of goedkeur, afhangende enige voorwaardes, wat gestel is om die risiko van 'n

- oorlas in 'n publieke plek te verminder, na 'n vlak wat vir die Munisipaliteit aanvaarbaar is.
- 6.1.7 'n Persoon wat vir 'n permit, in terme van sub-artikel 6.1.1 aansoek gedoen het, mag nie 'n werkende dier laat werk gedurende die oorweging van die aansoek en tydens die afwesigheid van 'n permit nie.
- 6.1.8 In respek tot enige aansoek, wat in terme van sub-artikel 6.1.1 goedgekeur is, kan 'n gemagtigde beampte 'n permit op die voorgeskrewe vorm uitreik, wat elke voorwaarde, soos bepaal deur die Munisipaliteit, spesifiseer.
- 6.1.9 'n Permit is nie van een eienaar na 'n ander oordraagbaar nie.

6.2 Verandering, opskorting en kansellasië van permitte

Die Munisipaliteit kan na oorweging van 'n verslag en aanbeveling deur 'n gemagtigde beampte of veearts, met 'n geskrewe kennisgewing aan die houer van 'n permit, inaggenome artikel 6.1:-

- (a) die permit verander, opskort of kanselleer, as oortuig is dat nie-uitvoëring daarvan die volgende sal veroorsaak:-
- i) die skep of voortsetting van 'n oorlas in 'n publieke plek; of
 - ii) 'n voortdurige oortreding van enige bepaling van artikel 6.3;
- (b) met onmiddellike ingang die permit verander opskort of kanselleer, as so 'n beampte van mening was dat dit dringend nodig was om so op te tree, as dit 'n betekenisvolle risiko vir die publiek inhou, deur 'n oorlas in 'n publieke plek veroorsaak.

6.3 Beheer oor werkende diere

Geen persoon wat met 'n werkende dier werk sal –

- (a) die werkende dier in 'n publieke plek toelaat, terwyl dit ongeskik is om 'n dier-aangedrewe voertuig te trek of om 'n onredelike vrag te dra nie;
- (b) die werkende dier toelaat om 'n oorlas vir die verkeer in enige publieke straat, te veroorsaak;
- (c) die werkende dier toelaat, indien dit volgens sy of haar kennis waarskynlik 'n bron van gevaar of besering aan enige persoon, wat 'n publieke straat gebruik, sal wees;
- (d) die werkende dier toelaat om in enige publieke straat of publieke plek te wees, behalwe as dit onder sy of haar beheer is;
- (e) met enige werkende dier werk, wat nie die naam, telefoon nommer en adres van sy eienaar op het nie;
- (f) enige werkende dier toelaat om enige voertuig te trek, of enige harnas te gebruik, wat nie aan die SABS standarde en voorwaardes (Skedules "C" en "D"), wat deur die Munisipaliteit, van tyd tot tyd, afgevaardig is voldoen nie.

6.4 Beslaglegging, skut en uitsit van werkende diere

- 6.4.1 'n Gemagtigde beampte kan enige perseel binne gaan en op 'n werkende dier beslag lê en skut na 'n plek, vasgestel deur die Munisipaliteit, wat:-
- (a) uitgesit mag word, op advies van 'n veearts of in terme van die bepalings van enige wetgewing;
 - (b) in sy of haar opinie ongeskik is om 'n dier-aangedrewe voertuig te trek;
 - (c) in sy of haar opinie, 'n oorlas vir die verkeer in 'n publieke straat veroorsaak;
 - (d) rondloop en duidelik nie 'n eienaar het nie;
 - (e) gevind is in enige publieke plek, waar so 'n werkende dier, volgens die opinie van die gemagtigde beampte, nie onder behoorlike beheer is nie.
- 6.4.2 Die Munisipaliteit sal 'n rekord hou van alle werkende diere wat op beslag gelê en geskut is, in terme van hierdie Verordening, wat die ras, merke en kenmerkende eienskappe (indien enige) van sodanige werkende dier sal aantoon, asook die laaste datum waarop hul vrygelaat was, en sodanige rekords sal vir inspeksie deur die publiek, by die Munisipale kantore, gedurende kantoor ure, beskikbaar wees.
- 6.4.3 'n Werkende dier wat geskut is in terme van sub-artikel 6.4.1, sal aan die eienaar of persoon, wat die werkende dier aanhou, gelewer word, indien die Munisipaliteit se vasgestelde fooi betaal is.
- 6.4.4 'n Werkende dier wat geskut is in terme van sub-artikel 6.4.1, mag verkoop of verhuis word, nadat dit vir nie minder as sewe dae aangehou was nie, behalwe indien dit opgeeis en vrygelaat sou gewees het, in terme van sub-artikel 6.4.3.
- 6.4.5 As 'n gemagtigde beampte van die opinie is, dat 'n werkende dier 'n werkende dier is, soos bepaal in artikel 6.3, kan hy of sy:-
- (a) toesien dat 'n kennisgewing op die eienaar van so 'n werkende dier gedien word, wat vereis dat so 'n eienaar sodanige stappe moet neem, wat sodanige steurnis sal verminder en die gemagtigde beampte tevrede sal stel, dat die werkende dier behoorlik beheer sal word;
 - (b) die werkende dier skut en met dit handel in terme van hierdie artikel, op voorwaarde dat so 'n werkende dier nie aan sy eienaar vrygelaat sal word nie, behalwe as sodanige eienaar, binne die periode van sewe dae soos per artikel 6.4.4, aan die bevoegde beampte bewys kan lewer, dat sodanige werkende dier, as dit aan hom of haar gegee word, nie verder enige steurnis sal veroorsaak nie en onder beheer gehou sal word.
- 6.4.6 Die opbrengs van enige verkope, aangewend sal word om koste in verband met sodanige verkope en die skut van sodanige werkende dier, te help dek.
- 6.4.7 Nie die Munisipaliteit of die gemagtigde beampte of enige werknemer van die Munisipaliteit, sal aanspreeklik gehou word vir enige besering of 'n siekte, wat opgedoen is, of skade veroorsaak aan enige werkende dier, as gevolg van of gedurende 'n beslaglegging, skut, aanhouding, verkope, hervestiging of uitsit, in terme van hierdie Verordening nie.

6.5 Die redding van geskutte werkende diere is ontoelaatbaar

Geen persoon kan, deur dreigemente van geweld of andersins, 'n werkende dier red van die persoon of persone in beheer van enige werkende dier, wat wettiglik na die skut gebring was, of kan probeer om so 'n werkende dier te red, nadat sodanige werkende dier wettiglik deur 'n bevoegde beampte, geskut was.

7. Diere en pluimvee

7.1 Om publieke gesondheid te bevorder, kan geen persoon toegelaat word om enige dier of pluimvee, soos gedefinieer, op enige residensiële perseel of eiendom aan te hou nie, sonder die toestemming van die Munisipaliteit.

7.2 Permitte

7.2.1 Vir die doel om publieke gesondheid en publieke oorlaste te beperk, kan die Munisipaliteit van tyd tot tyd die getal diere of pluimvee, wat per eenheidsarea en areas waar sodanige diere en pluimvee, aangehou mag word, bepaal.

7.2.2 Die Munisipaliteit kan van tyd tot tyd, die soorte diere en pluimvee, waarvoor 'n permit vereis word en waarvoor die relevante aansoekfooi en jaarlikse fooi vir so 'n permit vereis word, bepaal.

7.2.3 Permitte wat in terme daarvan uitgereik word, kan nie oorgedra word nie, en kan slegs geldig wees vir die spesifieke eiendom, waarvoor die aansoek gemaak was.

7.2.4 Die Munisipaliteit sal deur die Diere Beskermings Vereniging in die administrasie van die prosessering van aansoeke vir permitte, gehelp word.

7.2.5 Enige persoon wie 'n dier in 'n kennel, hok of looparea of beperkte plek, binne of buite 'n gebou, aanhou, sal verseker dat die kennel, hok of looparea gereeld skoon gemaak word en dat mis nie opgaar nie.

7.2.6 Geen diere, insluitend honde en katte kan in 'n krat of hok, wat natuurlike vryheid en beweging beperk, of wat nie genoegsame spasie vir oefening het nie, volgens die behoeftes van die dier, aanhou nie.

7.2.7 Elke persoon wat 'n dier aanhou moet:-

(a) skoon drinkbare drinkwater te alle tye en genoegsame hoeveelheid geskikte kos, wat bydrae tot die normale liggaamsgewig, met skoon bakke vir kos en water, voorsien;

(b) die nodige sorg van 'n veearts, indien die dier tekens van 'n besering, pyn of leiding toon, wat mediese sorg verg, voorsien.

7.2.8 Alle diere moet aangehou word, volgens hierdie Verordening en enige ander voorgeskrewe wetgewing, waar toestemming verleen word om 'n dier aan te hou, 'n permit sal vertoon moet word, wanneer dit vereis word.

7.3 Aansoeke

- 7.3.1 Die Munisipaliteit kan 'n aansoek in terme van artikel 7.2.1, wat vergesel is van 'n volledige terreinplan, wat die huidige of voorgename strukture en heinings op die eiendom aandui, waarvoor die permit nodig is, vereis.
- 7.3.2 Die Munisipaliteit kan 'n volledige plan en spesifikasies van strukture, waarin dit voorgestel word om diere en pluimvee aan te hou, versoek, om te oorweeg of 'n permit, waarvoor aansoek gedoen is, in terme van artikel 7.2.2, toegestaan sal word.
- 7.3.3 Nieteenstaande enigiets wat teenstrydig met hierdie Verordening is, kan die Munisipaliteit weier om 'n aansoek goed te keur, op voorwaarde dat spesiale voorwaardes, indien enige, volgens sy mening, die ligging van die eiendom, posisie of geografiese eienskappe of grootte, nie geskik is om diere en pluimvee aan te hou nie.
- 7.3.4 Geen struktuur waarin diere aangehou word, sal geleë wees:-
- (a) binne een en 'n half meter vanaf enige grens van 'n erf, wat aan 'n ander residensiële erf geleë is nie;
 - (b) binne ses meter van enige grens vanaf 'n erf, wat aan enige pad of publieke oop spasie geleë is nie; en
 - (c) binne vier en 'n half meter vanaf enige opstal, bediende kwartiere, bewoonde buitegeboue en winkel of gebou, waar kos voorberei word nie.
- 7.3.5 Waar 'n struktuur waarin diere aangehou word deel vorm van 'n buitegebou, wat vir menslike bewoning gebruik word, moet so 'n struktuur ten minste vier en 'n half meter vanaf so 'n bewoonde kamer geleë wees en moet ook nie onder dieselfde dak, as die bewoonde kamer wees nie.
- 7.3.6 Geen struktuur waarin pluimvee aangehou word sal geleë wees:-
- (a) binne een en 'n half meter vanaf enige grens of 'n residensiële erf;
 - (b) binne een en 'n half meter van enige opstal, bediende kwartiere, bewoonde buitegeboue en winkel of gebou, waar kos voorberei, verkoop of gestoor word.
- 7.3.7 Alle strukture waarin diere en pluimvee aangehou word, sal tot tevredenheid van die Munisipaliteit, weggehou word van enige straat.
- 7.3.8 Geen struktuur waarin pluimvee aangehou word sal hoër as drie en 'n half meter wees nie.
- 7.3.9 Nieteenstaande die voorafgenoemde bepalings, kan die Munisipaliteit, nadat dit omstandighede relevant tot 'n eiendom inaggeneem het en op voorwaarde dat geen beswaar van aangrensende en geaffekteerde bure ontvang was nie, enige vereistes van hierdie hoofstuk van afstand doen en ander voorwaardes stel, indien toepaslik.

7.4 Stoor van voedsel en mis, wegmaking van karkasse

- 7.4.1 Alle mis van diere en pluimvee wat aangehou word, sal voordat dit van die perseel verwyder word, onder 'n skuiling in 'n geseëde houër, waarin vlieë nie

kan kom nie, gestoor word en sal op 'n gereelde basis weggemaak word, sodat 'n oorlas nie geskep kan word nie, op voorwaarde dat sodanige afval nie kompos op die perseel insluit nie, behalwe in die geval van landbougrond.

7.4.2 Alle voer vir die diere en pluimvee sal in houers of 'n stoorkamer geberg word, waarin muise nie kan kom nie.

7.4.3 Die persele waar diere en pluimvee aangehou word sal in so 'n toestand wees, dat dit nie muise sal lok of huisves nie.

7.4.4 Karkasse moet op die eienaar se kostes verwyder word, op 'n wyse soos goedgekeur deur die Munisipaliteit.

7.5 Die Munisipaliteit sal van tyd tot tyd bepaal, dat 'n stoor waarin mis aangehou word, vry is van vlieë en muise en 'n stoor vir die berging van kos, van genoegsame grootte is en gebou is deur permanente materiaal, sal vereis word op die perseel, waar diere aangehou word.

7.6 Kennels en katkennels

Geen persoon kan 'n kennels of 'n katkennels aanhou sonder, dat daar aan die vereistes voldoen is en 'n permit vanaf die Munisipaliteit ontvang was nie:

(a) Honde en katte word apart in veilige hokke van 'n redelike grootte, soos in die opinie van die bevoegde beampte en aan die Munisipaliteit se gesondheid en bouvereistes voldoen.

Sulke hokke moet:-

- i) gebou wees van duursame materiaal;
- ii) 'n waterdigte skuiling voorsien of bevat;
- iii) die binnemure en vloere moet afgewerk wees met 'n gladde, skoon higieniese oppervlak, sonder krake en oop gate;
- iv) maak voorsiening vir genoegsame skoonmaak, ontsmetting en ontworming doeleindes;
- v) genoegsame drinkwaterpunte hê vir drink en skoonmaak doeleindes;
- vi) goedgekeurde vloerdreinerings verbind aan die Munisipaliteit se riool stelsel, hê.

(b) Aparte geïsoleerde fasiliteite vir siek honde en katte, wat voldoen aan die bevrediging van die Munisipaliteit, sal voorsien word;

(c) As katte in hokke aangehou word, moet sulke hokke van duursame, waterdigte materiaal gebou wees, om maklik skoon te maak.

7.7 Strukture moet in 'n goeie toestand wees en geen veranderings

7.7.1 Alle strukture moet te alle tye in 'n goeie toestand deur die eienaar of besitnemer van die perseel, gehou word.

7.7.2 Geen persoon kan aan die gebruik van die perseel waarop diere en pluimvee aangehou word, verander vir doeleindes, wat nie volgens die permit gespesifiseer is nie.

7.8 Kennisgewings, verandering en kansellasië van permitte

7.8.1 As, volgens die mening van die Munisipaliteit enige diere op enige perseël, in terme waarvan 'n permit deur die Munisipaliteit onder hierdie Verordening uitgereik is, 'n gesondheidslas, gevaar vir die gesondheid of die veiligheid van die publiek, of waar meer as die toegelate getal diere volgens die uitgereikte permit aanhou, kan die Munisipaliteit 'n geskrewe kennisgewing op die houer van die permit dien, of as hy afwesig is, die persoon in beheer, om sodanige oorlas of gevaar of getal diere wat te veel is, binne 'n gespesifiseerde periode, te verwyder.

7.8.2 Die houer van 'n permit of die persoon in beheer, moet as die kennisgewing in terme van sub-artikel 7.8.1 ontvang is, aan die vereistes, soos gespesifiseer deur die Munisipaliteit aan so 'n kennisgewing voldoen, by versuim kan die Munisipaliteit binne sy diskressie:-

- (a) die permit om diere op sodanige eiendom aan te hou, kanselleer, of
- (b) die permit verander

7.8.3 Die houer van die permit sal, indien deur die Munisipaliteit versoek word, die permit teruggee vir verandering of kansellasië, watter een ookal.

7.9 Diere aangebied om te koop

'n Persoon of bestuurder van die perseël, waar honde of katte of perde te koop aangebied word, sal behoorlike rekords van inenting hou en sal nie sulke diere oornag alleen laat nie.

7.10 Vuurwerke

Geen persoon mag deur vuurwerke of enige ander manier 'n dier terroriseer of stres of vrees aan enige dier veroorsaak nie.

7.11 Mishandeling van diere

Enige persoon wie:-

- (a) 'n dier vermink op enige manier, wat die afsny van 'n stert of oor insluit, behalwe in die geval van skaars honde rasse, waar hofuitspraak bestaan wat wel die afsny van sterte goedkeur, of in gevalle waar 'n veearts dit kan regverdig (bewyse moet dan gelewer word);
- (b) aanhou, besit, koop, verkoop, oplei, teel of wat onder sy beheer en kontrole van 'n dier, vir die doeleindes van 'n geveg met 'n ander dier;
- (c) byt, provokeer of aanhits van enige dier om 'n ander dier aan te val of om aan te hou met die geveg van 'n ander dier;
- (d) dieregevegte bevorder vir finansiële voordeel of as 'n vorm van vermaak;
- (e) toelaat dat enige van die dade volgens (a) tot (d) op enige perseel of plek, in hy of sy besit of onder hom of haar beheer, plaasvind;

- (f) besit, gebruik of beheer enige persele of plek vir die doel of gedeeltelik vir die doel om dieregevegte aan te bied op sodanige persele of plek, of wie optree as die bestuur van so 'n perseel of plek, of wie toegang van enige persoon of dier, tot sodanige perseel of plek, of
- (g) is teenwoording as 'n toeskouer by enige persele of plek waar enige daad, soos vewys in artikels (c) en (d), plaasvind, of waar voorbereidings getref word, vir sulke daad, is skuldig aan 'n oortreding en kan gevonnissen word tot 'n boete van R20 000.00 (tweintig duisend rand) of kan tronkstraf vir 'n periode, van nie meer as twee jaar, opgelê word.
- (h) terwyl aangekla, word dit vermoed, behalwe as die teendeel bewys word, dat die dier wat op enige perseel of plek, die eiendom is of onder die beheer van die eienaar van sodanige perseel of die plek is, of die eiendom of onder die beheer van die persoon, wie die perseel of plek beheer;

Is skuldig en in teenstrydigheid met die Dierbeskermings Wet No. 71 van 1962, en sal aangekla word in terme van hierdie Wet. Die SAPD sal in terme van die Kriminele Prosedure Wet 5 van 1977 en die Dierbeskermings Wet 71 van 1962 en die SAPD se Staande Orde 33, optree, wanneer 'n oortreder van hierdie Verordening gearesteer word. Die SAPD sal ook spesifiek sake van hondegevegte en bistaliteitsake hanteer.

Sake wat handel oor die behandeling van siek diere en sterilisasie kan ook na die Peoples Dispensary for Sick Animals (PDSA) verwys word.

7.12 Die aanhou van varke in residensiële areas word verbied.

8. Pligte van die Skutmeester

'n Skutmeester:-

- (a)
 - i) moet die skut tussen 09h00 en 16h00, vanaf Maandag tot Vrydag en Saterdag tussen 09h00 en 11h00 oophou, behalwe as sodanige dag 'n publieke vakansiedag is;
 - ii) kan, nieteenstaande die bepalings van sub-artikel (i), die skut oophou vroeër of later, soos deur hom of haar besluit, op voorwaarde, dat 'n maklike erkende kennisgewingbord by die hek van die skut, vertoon sal word;
- (b) moet 'n dier inneem en beheer oor die dier neem wat na die skut gebring is, met die doel om dit te skut gedurende die ure wanneer die skut oop is en moet, op voorwaarde van verdere bepalings van hierdie Verordening, die dier in die skut aanhou, voorsiening maak dat die Skutmeester mag weier om 'n dier te ontvang, of kan enige dier, wat hy of sy redelik glo, nie wetlik in sy sorg geplaas of geskut was nie, weier;
- (c) moet 'n register, waarin die volgende besonderhede van enige dier opgeteken is, hou:-

- i) die naam van die gemagtigde beampte of die naam, residensiële adres en telefoon nommers van enige ander persoon, wie die dier na die skut gebring het;
 - ii) die tyd en datum wanneer die dier geskut was;
 - iii) die plek waar die dier gevind was, onmiddelik voordat dit geneem was;
 - iv) die datum en tyd wanneer die dier geneem was, voordat dit geskut was;
 - v) die rede hoekom die dier geskut was;
 - vi) 'n verduideliking van die dier, wat die geskatte ouderdom, ras, geslag, kleur, merke en enige besering op die dier insluit, toe die Skutmeester die dier ontvang het;
 - vii) of die dier vrygelaat, verkoop of uitgesit was en die datum en tyd van sodanige vrylating, verkope of uitsit;
 - viii) die bedrag geld aangegaan vir sodanige vrylating of verkope;
- (d) moet toesien dat die skut en al die toerusting wat gebruik word met die skut van die diere, te alle tye in 'n skoon toestand is en vry is van vlieë en ander peste, tot die bevrediging van die Munisipaliteit se Direkteur: Gemeenskapsdienste;
 - (e) moet toesien dat elke dier in die skut behoorlik gevoer en versorg word;
 - (f) moet enige vroulike dier, wat op hitte is, isoleer;
 - (g) moet alle redelike stappe neem om gevegte tussen diere in die skut, te voorkom;
 - (h) moet enige siek dier van gesonde diere isoleer, sodanige dier moet deur 'n veearts ondersoek word en alle stappe moet geneem word om die uitgawes, wat aangegaan is van die eienaar te verhaal, indien die identiteit en adres van die eienaar bekend is;
 - (i) moet alle nodige stappe neem om die dier te vernietig, soos voorgeskryf deur die Verordening en enige uitgawes van die eienaar verhaal, indien die eienaar se identiteit en adres van die eienaar bekend is;
 - (j) moet alle redelike stappe neem om te verseker dat die diere hervestig en nie uitgesit word nie;
 - (k) moet die voorgeskrewe fooi vir die skut en die daaglikse aanhou fooi ten opsigte van die dier, hef;
 - (l) kan enige dier laat steriliseer en dit met identifikasie, soos bepaal deur 4.6(c) voorsien en die kostes daarvan van die eiser verhaal, behalwe as die eiser aanvaarbare motivering kan gee, waarom die dier nie gesteriliseer moet word nie en permitte soos bepaal in artikels 4 en 5, kan voorsien;
 - (m) kan enige dier laat steriliseer en dit met identifikasie, soos bepaal deur 4.6(c) voorsien, voordat die dier van die skut aan enige ander persoon as die oorspronklike eienaar daarvan, vrygelaat word; en
 - (n) moet enige dier, wat deur 'n gemagtigde beampte in aanhouding geneem is, skandeer vir die doel om 'n mikro-skyfie te vind.

9. Vrystellings en Voorwaardes

- 9.1 Die Munisipaliteit mag enige aansoek vir goedkeuring weier of toestaan en sekere voorwaardes, vereistes of beperkinge voorstel, indien dit toepaslik geag word.

- 9.2 Die Munisipaliteit mag met goed bedagte redes, enige persoon en/of klas van persone, van enige of al hierdie vereistes, voorwaardes of beperkings, vrystel, indien dit toepaslik is.
10. Aanspreeklikheid
- Die Munisipaliteit, gemagtigde beampte of werknemer, sal nie vir enige besering, wat aangedoen of siekte wat opgedoen was, aan enige hond of kat, as gevolg van sy beslaglegging, skut, aanhouding of uitsit, in terme van hierdie Verordening, of ander wettige bepalings, aanspreeklik wees nie.
11. Algemene Bepalings
- 11.1 Reg van toegang en inspeksie:-
- (a) Enige gemagtigde persoon is gevolmag om enige persele, binne die Munisipale area, te inspekteer, om vas te stel of daar nakoming met die bepaling van hierdie Verordening is.
 - (b) Die gemagtigde persoon, wanneer hy persele ingaan, in terme van sub-artikel (11.1), moet op versoek deur enige persoon, homself identifiseer deur 'n geskrewe bewys van magtiging, te toon.
 - (c) Die gemagtigde persoon kan deur 'n persoon vergesel wees, wat gereedelik vereis word, om te help met die uitvoering van die inspeksie.
- 11.2 Enige persoon wat weier om toegang te gee aan 'n gemagtigde persoon, wat versoek om toegang te kry tot enige land of persele, of om hom verhinder in die uitoefening van sy pligte onder hierdie Verordening of wie weier om hom inligting te gee, wat wettiglik deur hom vereis word, of wie valse of misleidende inligting gee, terwyl hy weet dat dit vals en misleidend is, sal skuldig wees aan 'n oortreding.
12. Dien van dokumente en proses
- 12.1 Wanneer ookal 'n kennisgewing, of bevel of ander dokument gemagtig is of vereis word, om op 'n persoon in terme van hierdie Verordening toegedien te word, sal daar aangeneem word, dat dit doeltreffend en voldoende op sodanige persoon gedien is:-
- (a) wanneer dit aan hom persoonlik afgelewer was;
 - (b) wanneer dit by sy plek van woning of besigheid in die Republiek gelaat was, met 'n persoon wat klaarblyklik ouer as sestien jaar was;
 - (c) wanneer dit met geregistreerde pos na sy laaste bekende woon of besigheidsadres in die Republiek gepos was en 'n erkenning van die pos daarvan, is voorsien;
 - (d) as sy adres in die Republiek nie bekend is, wanneer dit op sy agent of verteenwoordiger in die Republiek op so 'n wyse gedien is, soos bepaal in sub-artikel 12.1(a), (b) of (c); of
 - (e) as sy adres of agent in die Republiek onbekend is, wanneer dit by 'n opvallende plek is op die onroerende eiendom (indien enige), waarop van toepassing.

- 12.2 Wanneer enige kennisgewing, eis, bevel of ander dokument, soos voorstaande, gemagtig is of vereis word om op die persoon te dien, vir die rede, dat hy die eienaar of besitnemer of een of ander reg in terme van die onroerende eiendom hou, sal dit nie nodig wees om hom te noem nie, maar sal dit voldoende wees as hy daarin beskryf word as die eienaar, besitnemer of houer van sodanige onroerende eiendom of ander reg, hoe ookal sy.
13. Oorgangs voorwaardes
- 13.1 'n Persoon wie, tydens die inwerkingtreding van hierdie Verordening, 'n groter aantal diere as die getal onder artikel 3, of 'n besigheid bedryf, soos onder artikel 8, kan hy voortgaan om 'n groter getal van diere aan te hou of om die besigheid te bedryf, maar mag nie enige dier, wat doodgaan of weggedra word wat meer as daardie getal is, vervang nie, of op so 'n mate verander, trek, huur, onderverhuur of besigheid verkoop, tensy toestemming vanaf die Munisipaliteit ontvang is om die getal te oorskry, of die Munisipaliteit in kennis stel van sodanige verandering, trek, huur, onderverhuur of verkope.
- 13.2 In die geval van sodanige verlenging, verandering, trek, huur, onderverhuur of verkope van die besigheid, kan die Munisipaliteit sekere voorwaardes en beperkings instel, soos dit nodig ag.
- 13.3 Eienaars van ongesteierde honde en katte word 'n 6 maande periode (van 1 April 2015) gegee, waarin hul honde en katte geregistreer kan word.
- 13.4 Kateienaars word 'n 6 maande periode gegee, waarin hul moet seker maak dat hul katte mikro-skuifies of halsbande, met die inligting van hul eienaars, het.
- 13.5 Die bepalings oor die sterilisasie van honde en katte neem 6 maande na 1 April 2015, op 1 Oktober 2015, in aanvang.
14. Boeteklousule
- 14.1 Enige persoon wie voortgaan om 'n oortreding te pleeg, nadat 'n kennisgewing op hom gedien is, of wat versuim om sodanige oortreding te staak, nadat hy skuldig bevind is aan sodanige oortreding, is skuldig aan 'n herhalende oortreding.
- 14.2 Enige persoon wie enige bepalings van die Verordening oortree of nie nakom nie, 'n kennisgewing of 'n voorwaarde neergelê volgens hierdie Verordening, 'n valse verklaring aflê, of vals, verkeerde of misleidende inligting gee, sal skuldig wees aan 'n oortreding en gevonnissen word tot:-
- (a) 'n boete of tronkstraf of beide sodanige boete en sodanige tronkstraf;
 - (b) in die geval van 'n herhaalde oortreding, aan 'n addisionele boete of aan 'n addisionele periode van tronkstraf of aan sodanige addisionele tronkstraf, sonder die opsie van 'n boete of aan beide sodanige addisionele boete en tronkstraf, vir elke dag waarop sodanige oortreding aanhou; en

- (c) 'n verdere bedrag gelykstaande aan enige koste en uitgawes, soos vasgestel deur die hof, wat deur die Munisipaliteit aangegaan was, as die gevolg van sodanige oortreding of versuim, plus die koste om die dier te steriliseer.

14.3 Verder, kan enige hof enige persoon, wat nie enige dier volgens die bepalings van hierdie Verordening aanhou nie, vonnis, en kan beveel dat die dier uitgesit word.

15. Algemeen

Oortredings en boetes

15.1 Enige persoon wie:-

- (a) enige bepaling van hierdie Verordening oortree of nie nakom nie, of enige bevel of kennisgewing, wat wettiglik uitgereik is, ignoreer, pleeg 'n oortreding; en
- (b) aanhou om te oortree, nadat 'n kennisgewing op hom of haar gedien is om die oortreding te staak, of nadat hy of sy gevonnissen is vir sodanige oortreding, sal skuldig wees aan 'n herhalende oortreding.

15.2 Enige persoon wat gevonnissen is vir 'n oortreding onder hierdie Verordening, sal beboet of tronkstraf, vir 'n periode, wat nie twee jaar oorskry, opgelê word.

15.3 In die geval van 'n herhalende oortreding, 'n addisionele fooi of gevangenstraf vir 'n periode wat nie 10 dae, vir elke dag wat so 'n oortreding aangaan, kan beide 'n boete en gevangestraf opgelê word.

15.4 Enige hof wat 'n persoon wat 'n dier nie volgens die bepalings van die Verordening aanhou nie, kan ook tot die straf, soos in sub-artikel 15.2, ook beveel dat die betrokke dier uitgesit word en dat 'n gemagtigde beamppte sodanige dier kan uitsit.

16. Korttitel en inwerkingtreding

Hierdie Verordening staan bekend as die Verordening oor die Regulering van die aanhou van honde en katte en ander diere in die George Munisipale area en sal in werking tree op die datum waarop dit in die Provinsiale Gazette gepubliseer word.